

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 25: Tzav (צוה) – Gee Opdrag

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Beveel Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word. Lev. 6:8 en 9 – PWL¹*

Torah: Lev. 6:8 tot 8:36 (Afrikaanse Ou Vertaling²).

Haftorah: Jer. 7:21 tot 8:3 en Jer. 9:22 en 23.

Nuwe Verbond: Mark 7:31 tot 8:38; Rom. 12:1 tot 2; Heb. 4:14 tot 5:10; 7:1 tot 28; 8:1 tot 6; 9:1 tot 28; 10:1 tot 39; 13:10 tot 14; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; 1 Peter 1:14 tot 16; Ef. 6:10 tot 18.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 25 wat afgelaai kan word by: [Parashah25Notas14](#) of by [Parashah25Notas15](#).

If we turn away our eyes from ANY SIN we are as guilty of that sin as the sinner. If I turn my eyes away from TRUTH because I fear what mankind might say or do to me because I speak TRUTH, I fail my Creator and I transgress the command that says: Fear Yahuah – Mahdok.

Choose whatever you desire to choose, but know and understand that you, and you alone, choose your final destiny.

Our knowledge only makes us more responsible, not "in charge". We're all on level ground before Yahusha – Lew White.

We go through things in our lives for the purpose of making what He wants known in the earth a reality! How else will others experience His great mercy and forgiveness if we do not first experience it ourselves? When we look at our sufferings and trials this way, then as we

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

² In sommige vertalings begin die Torahskriflesing by Lev. 6:1

come through them, they actually produce in us the higher purpose for which they were intended. Our trial may become someone else's deliverance! That is why we cannot give up our perseverance through our suffering. Our descent (lowering) into the sufferings and trials we go through in our lives is for the ascent (rising) of His higher purposes. – Derek.

Torah Bespreking

YHVH Woon In Die Midde Van Sy Volk

Die tuin van Eden was YHVH se 'tempel' waar Hy in die midde van Adam en Eva gewoon het. Dit beteken dat die mens het in die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH gewoon – totdat hulle YHVH se Torah oortree het!

Hulle het die stem van יהוה-God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die koel van die dag en die mens en sy vrou het hulself vir die Teenwoordigheid van יהוה-God weggesteek tussen die bome van die tuin. Gen. 3:8.

Die mens het aanvanklik in 'n volmaakte wêreld geleef; 'n wêreld waar hulle as geregverdigdes in YHVH se teenwoordigheid kon woon. Maar toe Adam en Eva gesondig het deur van die boom van kennis van goed en kwaad te eet, het YHVH-God hulle uit sy 'tempel' – die tuin van Eden – verwyder.

יהוה-God het gesê: "Nou het die mens geword soos een van Ons deur goedheid en boosheid te ken." Sodat hy nie sy hand uitsteek en ook van die 'Boom van die Lewe' neem, eet en lewe vir ewig nie, het יהוה-God hom weggestuur uit die tuin van `Eden om die grond om te spit waaruit hy gehaal is. Só het Hy die mens uitgedrywe en géruks aan die voorkant van die tuin van `Eden laat bly, met die vlammende swaard wat heen en weer draai, om wag te hou oor die pad na die 'Boom van die Lewe' Gen. 3:22 tot 24.

Sonde was, en is steeds, die oortreding van YHVH se Torah, naamlik van die onderrig en instruksies van God (1 Joh. 3:4). Die gevolg van sonde is dat die oortreder nie in YHVH se teenwoordigheid mag wees nie. Sonde bring dus verwydering tussen YHVH en die mens. En weens die sondeval van die mens leef ons almal in 'n wêreld waar ons die grond waaruit YHVH ons geskape het moet omspit (bework). Soos YHVH aan die mens gesê het:

In die sweet van jou voorkop sal jy brood eet totdat jy teruggaan na die grond toe, want jy is daaruit gehaal, want stof is jy en tot stof sal jy teruggaan." Gen. 3:19.

Ons is vreemdeling en bywoners hier op aarde (Heb. 11:13), hoewel ons nie vreemdelinge en bywoners van YHVH se volk is nie, maar medeburgers van die afgesonderdes en huisgenote van Vader-God (Efes. 2:19).

Daar sal egter weer 'n dag kom wat die regverdigdes in Yeshua weer in die tuin van Eden sal woon – saam met YHVH in Sy tempel, naamlik die nuwe Jerusalem.

Die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte is gemaak uit een pêrel en die straat van die stad is suiwer goud, asof daar glas in is en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel. Vir die stad en die Lam is die son of die maan nie nodig om te skyn nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God verlig dit en die Lam is sy lamp en die nasies leef in Sy lig en die konings van die aarde bring eer, lof en grootheid aan die stad.

*Sy poorte sal nooit bedags gesluit word nie, want daar sal nie nag wees nie.
Hulle sal die eer, lof en grootheid van die nasies vir die stad bring
en daar sal geen onreine, of iemand wat besoedel is en leuens vertel, ingaan nie, maar net dié
wat opgeskryf is in die boekrol van die Lam. Open. 22:21 tot 27.*

Maar tog begeer YHVVH steeds om in die midde van Sy volk in die wêreld ‘buite die tuin van Eden’ te woon. Daarom het YHVVH vir Israel bevry van die slawejuk van Egipte sodat Hy hulle na die Beloofde Land Kanaän kon neem om daar in hulle midde te woon.

Sou Israel nie die goue kalf aanbid het nie, en sodoende nie die bloed verbond (Ex. 19:4 tot 24:11 – die boek van die verbond) verbreek het nie, dan sou hulle binne dae kon begin om die land Kanaän in besit te neem. Hoe anders sou dit dan nie vir Israel kon gewees het nie!?

Maar selfs na hierdie sonde van Israel was YHVVH steeds bereid om in hulle midde te woon. Nou sou YHVVH dit slegs doen by wyse van die tabernakel. Dit sou ‘n heiligdom – ‘n afgesonderde plek wees waar YHVVH vir Israel deur onderrig en instruksies sou leer hoe om daagliks te lewe wanneer YHVVH in hulle midde woon. Die tabernakel, priesterorde en offerandes was deel van die geskrewe wet (Torah) wat as tugmeester (gids)(Gal. 3:24 en 25) vir Israel in ‘bewaring’ sou hou tot YHVVH se Lewende Tabernakel, naamlik Yeshua Messias, in hulle midde sou kom woon!

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly (‘ge-tabernakel’) en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, ’n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is. Joh. 1:14.

Die tabernakel, priesterorde en offerandes was ‘n sinnebeeld om die mens voor te berei vir die dag (die volheid van die tyd) wat YHVVH Sy Seun gestuur het om ons vry te maak sodat ons nie meer onder ‘n tugmeester as gelykwaardig met ‘n dienskneg sou wees nie, maar wel kinders.

*Ek sê: solank as die erfgenaam ’n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,
maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is.
So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld,
maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,
om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang,
maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: “Ons Vader!”
Julle is daarom nie slawe nie, maar kinders en as julle kinders is, dan ook erfgename van God deur Yeshua, Die Gesalfde Een. Gal. 4:1 tot 7.*

Die tabernakel, die Levitiese priesterorde en die offerandes was vir Israel ‘n voortdurende herinnering en teregwysing van hoe om in die regte verhouding met YHVVH en met medemens te lewe! Dit was fisiese handeling wat heengewys het na geestelike waarhede. Na Yeshua se folterdood en opstanding het die Afgesonderde Gees hierdie rol oorgeneem om ons te leer en te herinner aan alles wat Yeshua ons geleer het.

Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is, maar die Bevryder en Lewegewer,

die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:25 en 26.

Die fisiese van die geskrewe wet (die boek van die wet) het nou plek gemaak vir die geestelike.

Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra, want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:4 tot 6.

Ons is nou vrygespreek van die geskrewe wet wat ons voortdurend aangekla en skuldig bevind het, want ons is nou verbind aan (het een geword met) Yeshua. Deur wedergeboorte het ons dit wat ons beheer het, naamlik die geskrewe wet, afgesterf. Die Afgesonderde Gees is nou die een wat ons leer en lei hoe om die letterlike instruksies van die geskrewe wet as 'n Torahbeginsel in die nuwe verbond toe te pas.

*Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,
want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.*

Daar is nie meer 'n tabernakel (tempel), 'n Levitiese priesterorde, asook nie fisiese offerandes wat volgens die onderig en instruksies van Levietikus gebring moet word nie, want in Yeshua is ons hiervan vrygespreek omrede Hy die eenmalige offer was.

*Toe het Ek (Yeshua) gesê: "Let op, Ek kom," want aan die begin van die Geskrifte is dit van My geskryf, "om U wil te doen, o God."
Hierbo sê Hy: "Offers, graanoffers, brandoffers en sondoffers wil U nie hê nie," dit wat volgens die geskrewe wet geoffer word,
daarna het Hy gesê: "Let op, Ek kom om U wil te doen, o God." Hierin skaf Hy die eerste af om die tweede te vestig,
want in Sy wil word ons net een maal afgesonder deur die offer van die liggaam van Yeshua, Die Gesalfde Een. Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,
maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd,
wagting verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is. Heb. 10:7 tot 13.*

Die belangrikste offer wat ons as geregverdigdes in Yeshua nou moet bring, word deur Paulus soos volg in Rom. 12:1 en 2 opgesom:

My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Elkeen wat bereid is om hierdie offerande te bring, naamlik om sy of haar liggaam beskikbaar te stel as 'n lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer vir God, sal 'n geskikte (afgesonderde) woning (tabernakel) word waar YHVH deur Sy Gees sal woon. YHVH-God sal in elkeen woon en waar medegelowiges bymekaar is, sal YHVH in hulle midde woon.

Ons is die lewende stene waarmee YHVH se huis gebou word sodat Hy in ons midde kan woon!

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:5.

Bepeins of Bespreek

1. Die doel van die offerandes was tweeledig, naamlik:

- Om nader aan God te beweeg. Die oortreding van Torah (die wet) is sonde (1 Joh. 3:4) en is 'n 'besoedeling' wat 'n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen YHVH en die oortreder van Torah tot gevolg het. Die doel van die offer (Hebreeus: *korban*) is om die sondaar te reinig sodat hy weer in YHVH se teenwoordigheid kan staan in 'n verhouding wat herstel is. Dit is gelykstaande aan die belydenis van sonde onder die nuwe verbond. Die vraag is of belydenis van sonde altyd met dieselfde erns geskied as 'n offerande onder die ou verbond? Onthou: 'n offerande onder die ou verbond was moeite, dit het tyd geneem en dit was 'n finansiële las! Is ons nie geneig om berou en belydenis 'goedkoop' te maak nie! So dikwels word daar gebid: 'vergewe my sondes' sonder om eers te besef wat sonde is!
- 'n Konfrontasie met sonde. Konfronteer ons die sonde in ons lewe? Diere as offerande was bedoel as 'n intense konfrontasie met sonde! Die skuldige, naamlik die oortreder van YHVH se Torah (die sondaar) het met berou 'n dier as offerande gebring. Dan het hy sy hande op die dier se kop gelê en was sodoende gedwing om tot selfkennis te kom van die 'skade' wat sonde aangerig het. Hierdie besef het werklikheid geword wanneer die dier se keel afgesny was en op die brandofferaltaar verbrand was. Dit was 'n baie persoonlike en emosievolle ervaring van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Die offer van diere was bedoel om 'n weersin in sonde – die oortreding van Torah – te verwek! Daarom is dit te verstane dat deel van die gebede van Judaïsme is om die Vader te vra om hulle te leer en te help om sonde te haat! Haat jy sonde?

Een Koning, Een Hoëpriester En Een Priesterorde

YHVH se plan is 'n koninkryk van priesters wat afgesonder (heilig) en onderdanig aan Hom sal lewe! Die Apostel Petrus bevestig dit:

Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Yeshua die Gesalfde Een. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit

het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. 1 Pet. 2:4 tot 10.

YHVH se plan is dus nog steeds dat sy volk 'n koninklike priesterdom moet wees volgens die orde van Melgisedek!

Vir Rabbynse Judaïsme het Yeshua 'n steen des aanstoots en 'n rots van struikeling geword, omdat hulle die woord (Yeshua) ongehoorsaam is.

Die bou van die derde tempel wat waarskynlik in die afsienbare toekoms sal begin, asook die eerste offers op die voltooide brandofferaltaar wat binnekort sal plaasvind, sal alles onder toesig van Rabbynse Judaïsme en 'n Levitiese priesterorde plaasvind. Daar sal geen erkenning aan Yeshua as Koning en Hoëpriester gegee word nie en ook nie aan priesters volgens die Melgisedekorde nie.

Ons leef in die dispensasie waar ons onder die gesag van een Koning en een Hoëpriester staan, naamlik Yeshua ons ewige Koning en Hoëpriester en waar ons volgens die die Torah van Yeshua lewe as deel van die Melgisedek priesterorde. YHVH se regeringstruktuur funksioneer reeds in die geestelike realm en deur Sy hemelse Koninkryk hier op aarde te vestig, sal die geestelike wel fisies manifesteer. Daarom is ons stryd hoofsaaklik geestelik:

want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bese geeste onder die hemel. Efes. 6:12 – PWL.

Maar met die wederkoms van Yeshua sal YHVH se regeringstruktuur egter in die fisiese realm ten volle funksioneer!

Bepeins of Bespreek

1. Indien die derde tempel gebou word, en indien daar 'n Levitiese orde onder die toesig van Rabbynse Judaïsme dienswerk verrig, en indien jy glo dat dit alles met YHVH se seën gedoen is, is die vraag of jy gehoorsaam gaan wees ten opsigte van Torah se vereiste vir die gee van tiendes om die tempel en die Leviete te onderhou? Sal jy, indien dit enigsins in jou vermoë is, drie keer per jaar met die feestye na Jerusalem en die tempel gaan soos wat Torah ons beveel?
2. Sal die herinstelling van 'n Levitiese priesterorde en offerandes in die beplande derde tempel, wat waarskynlik binnekort gebou gaan word, 'n verloëning wees van Yeshua? Sal YHVH in hierdie tempel in die midde van Sy volk woon? Is Juda/die Jode wat Yeshua verwerp het YHVH se volk? Verwys Rom. 2:28 en 29.
3. Die huis van Juda en die huis van Efraim sal een word indien beide slegs een Koning en Hoëpriester dien, naamlik die gekruisigde en opgestane Messias Yeshua en daar slegs een priesterorde, naamlik die orde van Melgisedek, is. Is jy bewus van die feit dat verskeie organisasie poog om die huis van Juda en die huis van Efraim te versoen, maar sonder dat Yeshua deel van die versoeningsproses is? Een so 'n organisasie is *B'ney Yosef* (Seuns van Josef). Hulle visie is om die twee huise te verenig sonder om te probeer om die huis

van Juda te evangeliseer. Die volgende artikel kan in die verband gelees word: <http://www.breakingisraelnews.com/62962/bney-yosef-christians-returning-part-ten-tribes-biblical-zionism/#zUmo3THUrSSFC7Ko.99>. 'n Soortgelyke organisasie is die *Commonwealth of Yisrael* met sy *12 Stone Governing Council* waarvan Prof. Wimpie Liebenberg van die Hebrew Roots Teaching Institute (HRTI) van Suid Afrika een van die 12 is. Hulle webwerf is <http://www.commonwealthofyisrael.com/#!12-stone-council-ajvjm>. Hierdie organisasies het ten doel om die verhouding tussen Christene en Jode te herstel – **onder Rabbynse gesag!!** Is hierdie die werk van YHVH of die pogings van mense? Is dit deel van die misleiding van die laaste dae? Wat het geword van die opdrag van Yeshua om te gaan en die evangelie van Goeie Nuus aan almal te verkondig (Matt. 28:18 tot 20)?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.